# 'N SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS RIGLYN VIR DOELMATIGE OUER-ONDERWYSERKONTAK [1]

Willem Postma
Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*Both parents and teachers are called upon to educate children separately, as well as in conjunction with another. Although parents are the primary, and consequently also the most important educators of their children, teachers as professionally trained educators of their children are currently needed, especially to undertake the teaching aspect of children's education. Parents and teachers do not always have clarity as to the facet of the educational teaching process for which they are co-responsible, and in what spheres they need to respect one another's field of competence. In this article a societal theoretical model is presented, based on fundamental-educational criteria, which specify the fields of competence as well as co-operation of parents and teachers. With this model as guideline, more effective parent-teacher contact can be achieved to benefit the education of children.*

## 1. INLEIDING

Verskeie filosowe en opvoedkundiges het al oor die jare heen besin oor die identiteitstrukture en bevoegdheidsterreine van samelewingsverbande (vgl. Plato, 370 v.C./1948:157-161; Aristoteles, 1952:445; Augustinus, 426 n.C./1947:195 e.v.; Dewey, 1939:129; Kuyper, 1870:9; Coetzee, 1965:277-278; Dooyeweerd I, 1969:187; Van der Walt & Dekker, 1983 en die RGN (vgl. HSRC)1987). Uit hulle navorsing en besinning oor samelewingsverbande blyk dit duidelik dat, alhoewel elkeen vir sy bepaalde tyd leiding gegee het, daar steeds onbeantwoorde vrae gebly het (vgl. Postma, 1987) - waaroor vandag nog besin moet word. So byvoorbeeld bly dit tans nog moeilik om presies aan te dui waar die ouerhuis se opvoedingstaak eindig en waar skole die opvoeding en onderwys van kinders moet oorneem, aanvul of hulp moet verleen. Die praktyk dui daarop dat ouers en onderwysers nie altyd weet wanneer hulle mekaar mag

[1] Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

of behoort te help in die opvoedende onderwys van hulle kinders nie, of wanneer hulle mekaar se kompetensieterreine betree nie (Van Schalkwyk, 1986; Anon, 1989:3). In hierdie artikel gaan dit spesifiek oor ouer-onderwysersamewerking (of -kontak) in die opvoedende onderwys van kinders. Gesien teen die agtergrond van die probleem van die inwerkingstelling van doelmatige ouer-onderwyskontak sonder dat ouers en onderwysers mekaar se bevoegdheidsterreine oortree en tóg effektief saamwerk met die oog op die opvoedende onderwys van kinders, is die doel van hierdie artikel om 'n samelewingsteoretiese model aan te bied wat kan dien as maatstaf of sleutel vir doelmatige ouerbetrokkenheid. Die model wat geformuleer word, handel oor die volgende sake wat belangrike bepalers is vir die fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyskontak:

* Die ontologiese grondslag van samelewingsverbande.

* Die ontstaan, strukture, kompetensieterreine en opvoedingstake van die relevante samelewingsverbande, naamlik:

  - die huwelik,
  - die ouerhuis en
  - die skool.

## 2. BEGRIPSPRESISERING

Die begrippe *doelmatige ouer-onderwyskontak* is van die basiese begrippe wat in hierdie artikel telkens voorkom; daarom die volgende omskrywing daarvan: doelmatige ouer-onderwyskontak hou in dat ouers en onderwysers in die betrokkenheid van ouers by skole *vennote* behoort te wees in die opvoedende onderwys van kinders, op bepaalde terreine *harmonies* met mekaar in aanraking sal kom en op *effektiewe* wyse met mekaar moet saamwerk in belang van opvoedende onderwys. In sy breëre betekenis impliseer doelmatige ouer-onderwyskontak ook doelmatige ouerbetrokkenheid en -medeseggenskap by opvoedende onderwys (Postma, 1986:11-12).

## 3. DIE ONTOLOGIESE GRONDSLAG VAN SAMELEWINGSVERBANDE

'n Ontleding van die ontologie as deelwetenskap van die Christelike wysbegeerte bring aan die lig dat ontologie te make het met vier terreine, naamlik:

- 'n ontologie oor God,
- 'n ontologie oor God se wet vir die skepping,
- 'n ontologie oor God se skepping wat aan sy wet onderworpe is, en
- 'n ontologie oor die verband tussen bogenoemde drie terreine (Taljaard, 1976:28).

Vir die doeleindes van hierdie artikel word oor 'n ontologie met betrekking tot die almag van God se wet vir die skepping en die verband tussen die almag van God en sy wet vir die skepping en relevante samelewingsverbande ( die huwelik, gesin en skool) besin, omdat alle samelewingsverbande deel vorm van God se skepping en ook aan sy wet onderworpe is. Daar word ook gehandel oor die volgende Skriftuurlike beginsels wat in direkte verband staan met samelewingsverbande en wat bepaalde riglyne bied vir doelmatige ouer-onderwyskontak:

- soewereiniteit in eie kring;
- universaliteit in eie kring, en
- verskeidenheid en samehang in die werklikheid.

As die Christenopvoedkundige besin oor die verskillende samelewingsverbande, glo en bely hy dat God onwegredeneerbaar almagtig en soewerein is (vgl. Gen. 1:1 en Heb. 1:2-3). Die erkenning van God se soewereine almagtigheid as Skepper en Onderhouer van alle dinge impliseer dat Hy wetmaker en -gewer is en dat die geskapenes wetsonderdane is. In die besinning van die Christenopvoedkundige oor samelewingsverbande, beteken die belydenis dat God almagtig is en dat die skepping aan sy wet onderworpe is, dat die mense van een samelewingsverband hulle nie in die plek van God mag stel en oor mense van 'n ander samelewingsverband mag heers nie. Geen samelewingsverband is absoluut soewerein nie, want "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Rom. 11:36).

Die almag van God oor sy skepping hou die volgende implikasies vir die ouerhuis en die skool in: die ouerhuis (ouers) mag nie oor die skool (onderwysers) heers nie ( en andersom), want beide ouerhuis (ouers) en skool (onderwysers) is onderdane van God Drie-enig (Schoeman, 1979:106 en Troost, 1970-1971:19).


God se wet verseker die ordelike syn en voortbestaan van die ganse skepping en daarom ook van die huwelik, gesin en skool. Met betrekking tot die laasgenoemde drie samelewingsverbande (soos ook by alle ander samelewingsverbande) geld God se struktuurwet, want elkeen van dié drie samelewingsverbande vertoon 'n bepaalde

struktuur. So kan daar in al drie genoemde samelewingsverbande 'n religieuse, tydse, modale en individuele faset in hulle synstrukture onderskei word (Dooyeweerd I, 1969:100-104).

Die erkenning deur die opvoedkundige dat elke samelewingsverband ook 'n eiesoortige aard het, wat deur sy besondere struktuur bepaal word, impliseer dat hy rekening hou met die feit dat elke samelewingsverband 'n eie bestaans- en funksioneringsterrein het waarop geen ander verband mag oortree, oorheers of inmeng nie. Elke samelewingsverband is soewerein in eie kring (vgl. Kuyper, 1870:9). Die erkenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring in die samelewingsteoretiese model is noodsaaklik, want slegs as ouers en onderwysers die unieke aard en struktuur van sowel die ouerhuis as die skool as samelewingsverbande erken en weet dat die een nie die bestaans- en funksioneringsterrein van die ander verband mag oortree nie, kan doelmatige ouer-onderwyskontak plaasvind. Tog bestaan geen enkele samelewingsverband in isolasie nie, maar word elkeen beheers deur die beginsel van universaliteit in eie kring, wat vervolgens aan die orde kom.

Samelewingsverbande vorm 'n organiese gemeenskap, waarin die dienslewering van alle verbande aan mekaar inbegrepe is. Kalsbeek (1970:205) noem hierdie verbondenheid van samelewingsverbande die enkaptiese vervlegtheid van samelewingsverbande. Die volgende sketsmatige voorstelling (figuur 1) illustreer die gedagtes van Vollenhoven (1953:47) en Duvenage (1983:177) dat al die betrokke samelewingsverbande onder meer die bloei van verskillende fasette van een en dieselfde menselewe ten doel het.

Figuur 1. Die mens as lid van verskeie samelewingsverbande



Waar sowel die ouers as die onderwysers as belangrikste gesagsdraers en opvoeders van die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande, met die opvoedende onderwys van kinders te doen het, moet albei instansies die beginsel van universalitiet in eie kring erken en toepas. As beide ouers en onderwysers as vennote in die opvoedende onderwys mekaar se kompetensieterreine asook die samewerkingsterreine erken en eerbiedig, sal die opvoedende onderwys van die kinders waarlik tot sy reg kom. Sketsmatig kan hierdie argumente só voorgestel word:

**Figuur 2 Eie en samewerkingsterreine van die gesin en die skool**

| Gesin (Ouers) | Universaliteit in eie kring | Skool (onderwysers) |
|---|---|---|
| Eie terrein (Soewerein in eie kring) | Samewerkings= terrein<br>Vervlegting<br>Dienslewering | Eie terrein (Soewerein in eie kri |

Om die verskeidenheid en samehang tussen samelewingsverbande verder te belig, word kortliks stilgestaan by daardie struktuurwette wat besonderlik vir die ouerhuis en die skool geld. Die feit dat elke samelewingsverband 'n eie manier of wyse van bestaan en funksionering het, is van kardinale belang vir die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis en skool, want die uiteindelike fundamenteel-opvoedkundige model vir ouer-onderwyskontak hang af van die modale bepaaldheid van elke tersaaklike samelewingsverband.

Die struktuurwette wat die besondere bouplan van elke samelewingsverband bepaal, moet teoreties vanuit die funderings- en bestemmingsfunksie van elke samelewingsverband benader word. Die *funderingsfunksie* van alle kultuurdinge word deur Van der Walt *et al* (1983:245) bestempel as die historiese funksie van kultuurvormende mag wat geld vir alle kultuurdinge (daarom ook vir samelewingsverbande, behalwe die gesin waarvan die samestelling op bloedverwantskap berus en dus bioties gefundeer is - vgl. figuur 3). Tereg beweer Schoeman (1979:111) dat die *onderskeid* tussen verbande in die funderingsfunksie van samelewingsverbande geleë is. Die funderingsfunksie van 'n samelewingsverband is die modale funksie wat die bepaalde samelewingsverband ten grondslag lê, sy basis of fondament wat hom laat ontstaan en bestaan en waarsonder hy tot niet sal gaan. As voorbeeld kan die skool geneem word: die skool se funderingsfunksie is geleë in die historiese modaliteit, want eers nadat daar deur mense oorgegaan word tot stigting (vorming) van 'n skool, kan die skool tot stand kom.

Die *bestemmingsfunksie* van 'n samelewingsverband lei al die ander modale aspekte van die samelewingsverband om die betrokke samelewingsverband te kwalifiseer, dit *anders* as al die ander te maak. Volgens Schoeman (1979:111) bepaal die bestemmingsfunksie die *radikaal-tipes* van samelewingsverbande. Van der Walt *et al* (1983:245) noem die bestemmingsfunksie ook die kwalifiserende funksie van die samelewingsverband. As voorbeeld kan weer die skool geneem word: die skool wat as opvoedende onderwysinrigting primêr daarop ingestel is om onderrigleersituasies te stig waartydens veral kognitiewe asook affektiewe en psigomotoriese vaardighede aan die leerlinge oorgedra word, se bestemming is op grond van sy onderwysende karakter geleë in die ontsluiting van die logies-analitiese funksie van die mens. Ter illustrasie van die verskillende strukture van samelewingsverbande soos onder andere bepaal word deur elkeen se funderings- en bestemmingsfunksie, word verwys na figuur 3.

**Figuur 3 Die funderings- en bestemmingsfunksies van samelewingsverbande**

| Same= lewings= verband | Mod. | Same= lewings= verband | Mod. | Same= lewings= verband | Mod. | Same= lewings= verband | Mod. | Same= lewings= verband | Mod |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | P | | P | | P | bf | P | | P |
| bf | E | bf | E | | E | | E | | E |
| | J | | J | | J | | J | bf | J |
| Die huwe= lik - Grondslag van gesin | Es | Die ouer= huis (Pri= mêre op= voedings= instansie) | Es | Die skool (Sekondêre opvoed= ingsin= stansie) | Es | Die kerk Kategese (verbonds= jeug) | Es | Die staat (wet en orde) | Es |
| | Ek | | Ek | | Ek | | Ek | | Ek |
| | S | | S | | S | | S | | S |
| | L | | L | | L | | L | | L |
| ff | H | | H | ff | H | ff | H | ff | H |
| | A | | A | bf | A | | A | | A |
| | P | | P | | P | | P | | P |
| | B | ff | B | | B | | B | | B |
| | F | | F | | F | | F | | F |
| | K | | K | | K | | K | | K |
| | R | | R | | R | | R | | R |
| | G | | G | | G | | G | | G |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| P: | pisties | S: | sosiaal | B: | bioties |
| E: | eties | L: | linguaal | F: | fisies |
| J: | juridies | H: | histories | K: | kinematies |
| Es: | esteties | A: | analities-logies | R: | ruimtelik |
| Ek: | ekonomies | P: | psigies | G: | getal |

bf: bestemmingsfunksie
ff: funderingsfunksie

## 4. SAMELEWINGSVERBANDE WAT BELANG HET BY DIE BEPALING VAN 'N SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS SLEUTEL TOT DIE VERHOUDING TUSSEN OUERHUIS EN SKOOL

In hierdie artikel wat oor ouer-onderwyskontak handel, en daarom by implikasie ook oor die samewerking tussen ouers en onderwysers in die *opvoeding* en (opvoedende) onderwys van kinders, moet daar besin word oor die verskillende samelewingsverbande wat direk met kinder*opvoeding* te make het. Daar is veral drie sulke samelewingsverbande wat met die opvoeding van kinders te doen het, naamlik die huwelik, die ouerhuis en die skool.

Die huwelik vorm die grondslag vir die Christelike ouerhuis (vgl. Postma & Van der Walt, 1984:32). Die ouerhuis is die primêre opvoedingsinstansie waar die vader en die moeder afsonderlik en gesamentlik 'n unieke opvoedingstaak het (vgl. Strauss, 1978:-276). Die ouerhuis is die eerste en primêre plek of ruimte waar kinders gebore word, grootgemaak en opgevoed word. Die skool is 'n sekondêre (opvoedende) onderwysinstansie wat selfstandig funksioneer en nooit die ouerhuis kan vervang nie (Van der Walt & Dekker, 1983:92), maar tóg die gekompliseerde opvoedende *onderwys*taak (met die klem op die onderwysende faset) van die ouerhuis moet voortsit. Omdat die ouers en die onderwysers baie nóu in 'n vennootskap moet saamwerk en ouers 'n belangrike party van die ouerhuis is en onderwysers 'n belangrike party van die skool is, word die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande met spesifieke opvoedende onderwystake behandel.

### 4.1 Die huwelik

Die Christelike huwelik is primêr deur God ingestel en uit sy Woord (Gen. 2:20-24) is dit duidelik dat God 'n behae het in 'n kuise en getroue huwelikslewe. Die Christelike huwelik is tydgebonde, gefundeer in die historiese modaliteit en word gekwalifiseer deur die etiese modaliteit (vgl. figuur 3) (Van der Walt & Dekker, 1983:90 en Duvenage, 1983:215 e.v.). Op grond van sy unieke struktuur is die huwelik anders as ander samelewingsverbande. Elke anastaties-gerigte huwelikspaar behoort in die voltrekking en belewing van 'n harmoniese Christelike huwelik, God en hulle naaste en veral kinders wat uit die huwelik gebore word, te dien. Indirek lewer die volmaakte Christelike huwelik 'n bydrae tot sinvolle ouer-onderwyskontak.

### 4.2 Die Christelike ouerhuis en sy opvoedende onderwystaak

Die Christelike ouerhuis spruit voort uit die Christelike huwelik. Die unieke aard van die ouerhuis bepaal die opvoeding van kinders binne die gesin in so 'n mate dat ouerlike opvoeding ook 'n eie onherleibare innerlike aard het wat deur geen ander samelewingsverband oorgeneem kan word nie (Van der Walt & Dekker, 1983:92). Dit is daarom nodig om vas te stel wat die oorsprong, wese, aard en struktuur van die ouerhuis is en wat die ouerlike opvoedingstaak behels. Sodoende kan die kompetensieterrein van die ouerhuis bepaal word sodat ouers én onderwysers sal weet watter opvoedingsterreine deur ouers en onderwysers hanteer kan/mag word.

Die Christenopvoedkundige erken en bely dat God die ouerhuis in sy raadsplan vir die mens op aarde verordineer het. Skrifgegewens (bv. Kol. 3:18-22 en Deut. 6) en Skrifperspektiewe dui daarop dat God die menslike geslag primêr in ouerhuise met elk sy eie gesagstruktuur geplaas het en dat Hy die menslike geslag binne die huweliks- en gesinsverband wil uitbou en vermeerder.

Die gesin is 'n primêre samelewingsverband (Vollenhoven, 1953:46-47). Die gesin is die intiemste samelewingsverband, want die gesinslede word aan mekaar verbind met bloedbande. Coetzee (1965:164 en 279) beskou die gesin as een van die kleinste samelewingsgroepe: die gesin is universeel en is die eerste beliggaming van die bindende, versorgende, ordeliewende en verenigende liefde vir die kind. As sodanig onderskei die gesin hom van die ander samelewingsverbande as primêre, unieke verband (Van der Molen, 1979:156 e.v.).

Die gesin is ook tydgebonde. So is daar 'n tyd vir trou, vir babas kry en in die groei en ontwikkeling van die gesin word babas peuters, peuters kleuters, kleuters word pubers en pubers word adolessente. In die gesin moet die ouers kragtens die doopbelofte in die versorging en opvoeding van hulle kinders daaraan werk om as huweliksmaats en as ouers saam met hulle kinders al die ontwikkelingsfases van die kinders blymoedig en met verantwoordelikheid te belewe sodat die verbondskinders tot beskawingsvolwassenes kan ontplooi.

Die gesin funksioneer in al vyftien modaliteite (figuur 3). Die bestemmingsfunksie van die gesin is geleë in die etiese funksie (vgl. figuur 3), want dit is allereers die taak en die roeping van ouers en kinders om mekaar lief te hê. Intern moet gesinslede onderlinge liefde beoefen en as eksterne doelordening (Taljaard, 1963:90 e.v.) moet gesinslede gebring word tot mediensbaarheid aan ander samelewingsverbande soos die skool, die kerk, die staat en die voortsetting van die bedryfslewe. Alle ouerlike

opvoeding staan daarom in die teken van onderlinge bloedverbintenis en die volle uitlewing van ouerlike liefde. Die modale faset van ouerlike opvoeding vorm dus 'n verdere belangrike komponent van die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis en die skool, want as ouers en onderwysers al die ouerlike opvoedingswyses gegrond en gerig deur die funderings- en bestemmingsfunksies van die ouerhuis in ag neem in hulle kontak met mekaar, kan ouer-onderwyskontak doelmatig plaasvind.

Samevattend: God het in sy raadsplan die gesin vir die mens as primêre samelewingsverband met 'n unieke samestelling en 'n eie opvoedingstaak verordineer. Opvoedkundiges en opvoeders (ouers en onderwysers) moet, om reg te laat geskied aan die wetenskaplike deurvorsing van die opvoedingsverskynsel (vir opvoedkundiges) en om opvoeding waar en reg toe te pas (vir die opvoeders), kennis dra van die ouerhuis en sy opvoedingstaak. Hierdie wetenskaplike kennis van die ouerhuis en sy opvoedingstaak wat in die voorafgaande paragrawe behandel is, vorm deel van die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis en skool.

### 4.3 Die skool en sy opvoedende onderwystaak

Indien die mens besin oor ouer-onderwyskontak, is dit ook noodsaaklik om 'n noukeurige studie van die ontstaan, wese en bestemming van die skool, waarby die ouers, onderwysers en leerlinge betrokke is, te maak. 'n Duidelike omlyning van die struktuur van die skool as sekondêre samelewingsverband en sy kompetensieterrein maak die nadere presisering van ouer-onderwyskontak moontlik omdat die bevoegdheid van onderwysers binne die kader van hulle soewereine samelewingsverband (die skool) onder die loep geneem gaan word.

Die skool is ook 'n instelling van God. God het dit vanaf die grondlegging van die wêreld so verordineer dat die mens tot die stigting van die skool sal oorgaan "ten einde 'n gespesialiseerde ( en professionele) inrigting daar te stel wat die kind se aangebore potensies tot Gods eer tot ontsluiting kan lei" (Schoeman, 1979:112).

As sekondêre samelewingsverband is die skool 'n verband wat deur die mens self tot stand gebring is. Die mens as skepsel van God het in die voorsienige raadsplan van God as verantwoordelike wese uit vrye keuse skole gestig. Tog moet die mens as kroon van die skepping steeds in sy verantwoordelike beheersing van hierdie faset van die (samelewings-)werklikheid rekenskap aan God vir hierdie verleende gesag gee.

Die skool openbaar 'n unieke struktuur. Die skool kan religieus op God (anastaties) of op 'n afgod (apostaties) gerig wees. Geen "neutrale" skool is moontlik nie, want elke mens is 'n religieuse wese en het 'n bepaalde lewensopvatting en die skool is 'n samelewingsverband wat uit mense bestaan. Christenouers en -onderwysers is van Godsweë geroepe om die skool as samelewingsverband in al sy bedrywighede en fasette te bind aan die oorsprong van alle dinge, naamlik aan die Drie-enige God van die Heilige Skrif.

Daar is voorts 'n *tyd* vir skoolstigting, vir die volle ontplooiing van die skool en sy aktiwiteite en selfs vir die beëindiging daarvan. Die skool moet rekening hou met die tyd waarin hy bestaan en funksioneer, met ander woorde, die skool moet tred hou met die tydsfaktor; so is daar periodes, dae, weke, termyne en jare wat in roosters verreken moet word en die leerinhoude en onderrigmetodes moet aanpas by die ontwikkelingsfase van die leerlinge. Vir die opvoedende onderwys in die skool is dit veral van belang dat die opvoeder (onderwyser) in gedagte sal hou dat die opvoedingshandeling nóú saamhang met die ontwikkeling van die denke van die leerling. Opvoedende onderwys dra ook die kenmerk van 'n logiese volgorde (Van der Walt & Dekker, 1983:61). Die positivering van die gees en die rigting wat 'n skool karakteriseer, is tydsgebonde maar dinamies; alhoewel die beginsel van dié lewensopvatting van die skool onomstootlik (vgl. Joh. 16:12,13) in die Woord van God gefundeer is. Opvoedende onderwys in die skool het dus 'n begin- en 'n eindpunt.

In die kontak tussen ouer en onderwyser sal die opvoeders tyd moet inruim om gesamentlik as vennote kinders op te voed. So sal tyd 'n belangrike rol speel in hulle ontmoetings, die ontwikkelingsfase van die kinders en die tempo van die onderrig-leerhandeling (Postma, 1986:112).

Met die stigting van die skool kom die mens sy kultuuropdrag na, naamlik om in verantwoordelikheid te heers oor die werklikheid. Daarom kan geponeer word dat die skool se funderingsfunksie in die historiese modaliteit geleë is, want skoolstigting is kultuurvorming (Van der Walt & Dekker, 1983:96). Die skool se bestemming is op grond van sy onderwysende karakter te vinde in die ontsluiting van die logies-analitiese funksie van die mens (vgl. Van der Linde, 1985:155). Opvoedende onderwys in die skool bly egter 'n eenheidshandeling. Die leerling as volle mens en eenheidswese word in die opvoedende onderwyshandeling ontsluit sonder om een van sy menslike funksies te verabsoluteer.

As unieke samelewingsverband met sy eie identiteitstruktuur onderskei die skool hom van alle ander samelewingsverbande. Die skool het 'n bepaalde eiesoortige taak en

kompetensieterrein wat deur geen ander samelewingsverband oorgeneem kan word nie. Vir doelmatige ouer-onderwyskontak beteken die eie aard van die skool dat sowel ouer as onderwyser kennis moet neem van die feit dat die onderwyser die gesagsdraer en onderriggewer in die skool is. Die onderwyser kan alleen die status verkry deur sy professionele opleiding en gesitueerdheid in die onderrig-leersituasie, wat logies-analities gekwalifiseer is en wat deur alle ander belanghebbendes gerespekteer moet word. Die opvoedende onderwys van die skool dra die besondere stempel dat opgeleide onderwysers dit aan die leerlinge gee om sodoende die leerlinge toe te rus en te begelei tot beskawingsvolwassenheid met die nodige kennisvaardighede en -inhoude. Die skool, net soos die ouerhuis, is 'n oefen- en afrondingskool vir die lewe om sodoende die leerling vir die lewe en diens aan God gereed te maak.

Ten slotte: die skool bestaan en funksioneer in eie reg en is nie bloot 'n verlengstuk van die ouerhuis of 'n plaasvervangende ouerhuis nie. In die samewerking tussen ouers en onderwysers om kinders op te voed en te onderrig, moet albei hierdie partye (ouers sowel as onderwysers) weet en besef dat die skool, net soos die ouerhuis, op grond van sy ontstaan, wese en bestemming 'n soewereine terrein het. Op hierdie terrein is die professioneel-opgeleide onderwyser die gesagsdraer en alles wat veral in verband staan met die ontsluiting van die leerlinge se logies-analitiese vermoëns is die verantwoordelikheid van die onderwyser.

## 5. SAMEVATTENDE EVALUERING

Samevattend gesien, het die voorgaande bespreking die volgende essensiële komponente van 'n samelewingsteoretiese model as die verhouding tussen ouerhuis/gesin/-ouer en skool/onderwyser na die oppervlak gebring:

- Die almag van God oor sy skepping impliseer dat die ouerhuis nie oor die skool mag heers (of andersom) nie; want sowel die ouerhuis as die skool is gelykwaardige onderdane van God.

- God se wet verseker die ordelike bestaan en funksionering van die ganse skepping, daarom ook van die ouerhuis en die skool.

- Die beginsel van soewereiniteit in eie kring geld vir sowel die ouerhuis as die skool as selfstandige samelewingsverbande; daarom mag die een samelewingsverband (die ouerhuis of die skool) nie die bestaans- of funksioneringsterrein van die ander samelewingsverband (die ouerhuis of die skool) oortree nie.

* Geen samelewingsverband bestaan in isolasie nie, want daar is ook sprake van universaliteit in eie kring. Hierdie gevolgtrekking impliseer dat ouerhuis en skool samewerkingsterreine het dog met erkenning van mekaar se kompetensieterreine.

* Die ouerhuis en skool is religieus gebind en gerig, gebonde aan tyd en verskil individueel van mekaar. Elkeen het 'n eie struktuur of bouplan met 'n eie funderings- en bestemmingsfunksie.

* In die bepaling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis en skool is veral die huwelik, die ouerhuis en die skool samelewingsverbande waaroor fundamenteel-opvoedkundig besin moet word.

* Die harmoniese huwelik vorm die grondslag vir 'n ewewigtige gesin waarin die kinders egte en ware opvoeding (Schoeman, 1979:100) kan ontvang.

* Die ouerhuis as primêre samelewingsverband met sy unieke struktuur het 'n unieke ouerhuislike opvoedingstaak.

* Die skool as sekondêre samelewingsverband met sy unieke struktuur het ook sy karakteristieke en unieke skoolse opvoedende onderwystaak.

Samewerking tussen ouers en onderwysers (ouer-onderwyserkontak) mag plaasvind waar die kompetensieterreine van die onderskeie samelewingsverbande nie oortree word nie: vir die skool lê sy bevoegdheid veral op die ontslote logies-analitiese terrein en vir die ouerhuis veral op die terrein van morele liefde en liefdesorg. Verbondsouers as primêre opvoeders van hulle kinders moet dus vasstel en bepaal of hulle kinders se skole in *gees en rigting* ooreenstem met die ouerhuise.

Skematies voorgestel lyk die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser moontlik soos uiteengesit in figuur 4.

**Figuur 4 Samevatting: Samelewingsteoretiese model**

| Samelewings=verband | Religie | Tyd | Modaliteit | Individualiteit |
|---|---|---|---|---|
| Huwelik | Anastaties of apostaties gerig | Verlief Verloof Trou | Voltrek in al 15 moda= liteite on= der leiding van die 'etiese' | Fundering: histories Bestemming: eties |
| Gesin | Anastaties of apostaties gerig | Trou, babas, peuters, kleuters, pubers, ado= lessente, (huwelik duur voort) | Opvoeding in al 15 moda= liteite on= der leiding van die 'etiese' | Fundering: bioties Bestemming: eties |
| Skool | Anastaties of apostaties gerig | Begin (stig) bestaan einde | Opvoedende onderwys in al 15 moda= liteite on= der leiding van die lo= gies-anali= tiese | Fundering: histories Bestemming: logies-anali= tiese |

In antwoord op die vraag wat in die eerste paragraaf van hierdie artikel gestel is, naamlik hoe samewerking tussen ouers en onderwysers in opvoedende onderwys behoort plaas te vind sonder dat mekaar se bevoegheidsterreine betree word, kan die volgende as riglyn vir doelmatige ouerbetrokkenheid dien:

> Ouers as die primêre opvoeders het die verantwoordelike taak om hulle kinders tuis vir alle lewensfasette op te voed. Hulle moet ook toesien dat die skoolse opvoedende onderwys wat deur professioneel-opgeleide onderwysers behartig word, aansluit by die lewensopvatlike karakter (gees en rigting) van die ouerhuislike opvoeding. Om sodanige opvoedende onderwys in skole te verseker, moet ouers en onderwysers as vennote saamwerk. Doelmatige vennootskap tussen bogenoemde twee partye kan slegs plaasvind as ouers en onderwysers presies weet wat die fundamenteel-opvoedkundige aard van ouer-onderwyskontak behels. In hierdie oorsig is gepoog om die fundamenteel-opvoedkundige aard van ouer-onderwyskontak te presiseer in die vorm van 'n samelewingsteoretiese model wat met vrug deur belanghebbendes in kontak- en samewerkingsituasies toegepas sou kon word.

## 6. BIBLIOGRAFIE


ANON. 1989. Rol van bestuursrade druk bespreek. *Mondstuk*, 18(202):3, April.

ARISTOTELES. 1952. Politics. Translated by Benjamin Towett. (*In* Great books of the western world, 9:445-548.)

AUGUSTINUS, A. 426 n.C./1947. "De staat Gods". Bewerk deur Wytzes, J. Kampen : Kok.

COETZEE, J.C. 1965. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. 4de druk. Pretoria : Van Schaik.

DEWEY, J. 1939. Democracy and education. New York : Macmillan.

DOOYEWEERD, H. 1969. A new critique of theoretical thought, vol. 1. Philadelphia : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

DUVENAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap: handleiding vir Wetenskapsleer. Potchefstroom : Bentoti.

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1987. Marriage and family life in South Africa: research priorities. Pretoria. (*eds* Steyn, A.F., Strydom, H.G., Viljoen, S. en Bosman, F.G.).

KALSBEEK, L. 1970. De Wijsbegeerte der Wetsidee: proewe van een christelijke filosofie. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

KUYPER, A. 1870. De leer der onsterfelijkheid en de staatsschool. Amsterdam : De Hoogh.

PLATO. 370 v.C./1948. Plato. Selected passages by Livingstone, R.W. London : Oxford University Press.

POSTMA, W. 1986. 'n Fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyskontak. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) PU vir CHO.)

POSTMA, W. 1987. Parent-teacher contact: a problematic matter. *Koers*, 52(3):252-258.

POSTMA, W. & VAN DER WALT, J.L. 1984. 'n Leer- en werkboek in die Fundamentele Opvoedkunde vir HOD(N)-, HOD(S)iv- en Opvoedkunde II en III-studente. Potchefstroom : Pro Rege.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die Wysgerige Pedagogiek. Bloemfontein : SACUM.
STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein : SACUM.
TALJAARD, J.A.L. 1963. Kursus in lewens- en wêreldbeskouingsleer en menslike samelewingsverbande. Potchefstroom : Pro Rege.
TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished lenses. Potchefstroom : Pro Rege.
TROOST, A. 1971. Inleiding in de Wijsbegeerte, deel A. Amsterdam : Vrije Universiteit.
VAN DER LINDE, J.A. 1985. Die problematiese opvoedingsituasie, fundamenteel-opvoedkundig beskou. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) PU vir CHO.)
VAN DER MOLEN, J.G. 1979. Opvoedingstheorie en opvoedingspraktijk: een oriëntatie. Groningen : Wolters - Noordhof.
VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1983. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Silverton : Promedia.
VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, J.D. 1983. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO (Instituut vir Reformatoriese Studie).
VAN SCHALKWYK, O.J. 1986. Die onderwysstelsel teorie en praktyk. Silverton : Promedia.
VOLLENHOVEN, D.H.Th. ca. 1953. Inleiding in de Wijsbegeerte. s.l.: Isagoge Philosophiae.